

Kom, dank nou almal God, met hart en mond en hande; loof Hom wat wonderlik doen, tot in die verste lande. Van die oeg, van kindersbeeke af, het Hy ons trou bespaar en toe vandag toe nog gese en gespaar. O God, so ryk en goet, gee ons solank ons lewe altyd 'n blyke, as dit u wil is, vrede. Laat u genade ons ewig teengevaar, in die kerke en teen swikeling bewaar. Loofsegging oor voor God, die bron van alle lewe, die Vader, Seun en Gees, almagtig en verhewe. Drie-enig God, ons roem u krag en majesteit. O Heer, ons wil U noem: ons God in ewigheid!



“Vind jou vreugde in die Here,” lees ons in Psalm 37:4, “en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.”

Sommige mense reken dié belofte is ’n resep vir voorspoed – as jy jou vreugde in God vind, sal God jou gee net wat jy wil hê. Sukses in jou loopbaan? Joune! Geld sonder einde? Joune! Gesondheid, gewildheid, ’n blink nuwe spogmotor, ’n huis in die beste buurt? Joune! Volg maar net die resep... en God sal jou gee wat jou hart begeer!

Niks kan verder van die bedoeling van Psalm 37 wees nie. Om jou vreugde in die Here te vind, beteken dat jy bo alles bly is oor Hom – nie oor wat Hy gee nie, maar oor God self. Jy is bly omdat Hy die regverdige, die goeie, die genadige God is – en dat Hy ons God is, die God wat vir ons is.

In die tweede plek beteken dit dat jy leer om vreugde te vind in die dinge waarin God vreugde vind. Jy vind vreugde in liefde, in diens aan ander, in regverdigheid en reg, in genade en vergifnis. Jy is bly wanneer stukkende mense heelgemaak word, wanneer verdwaalde mense terugkom na God, wanneer mense wat platgeslaan is, deur God opgetel word.

Jy leer om vir jouself en vir ander te begeer wat God begeer: ’n lewe uit liefde in liefde, ’n lewe waarin jy wil gee eerder as ontvang; waarin jy wil dien eerder as om baas te speel.

En dis wanneer jy vry word van selfsugtige begeertes en jou hart verander word om te begeer wat God begeer – dis dan dat jy kan weet: Hy sal jou die begeerte van jou hart gee!

Danksegging is om God te loof vir wie Hy is; en om Hom te loof dat Hy jou nuwe begeertes leer – begeertes wat in lyn is met sy wil vir jou lewe. Mag ons Dankfees getuig van harte wat vrygemaak en nuutgemaak is!

Ons sê dankie...

...vir die wonderlike reën, die vol damme, die hoop wat dit bring;

...vir elkeen wat **water bespaar** en wat mooi werk met God se skepping;

...vir elke gelowige wat in ons stukkende wêreld begeer om deel te wees van God se **heelmaakwerk**;

...vir die **Bouwerk** wat ons gemeente die afgelope jaar deur God se goedheid kon doen in Zithulele en by Bottelary; in Elsiesrivier en met MathMoms; in ons naaldwerkprojek en ons betrokkenheid by ander Bouprojekte;

...vir **Behoort**: aksies wat ons gemeente saamgebind het en laat feesvier (en uitkamp en kuier) het; asook vir elke Groeigroep, elke lidmaat wat ander mense laat voel: Jy is welkom, jy hoort by ons;

...vir **Bid**, vir eredienste en kursusse waarmee ons mense kon help om saam met ons by die Here te leer hoe om te lewe;

... en vir elkeen wat hulle hart en hand en beursie oopmaak sodat ons dit alles kan doen!

TIENDE MAAND DANKOFFER

“God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles in oorvloed kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk.”

(2 Korintiërs 9:8)

Saam met hierdie brief kry jy ’n koevert vir jou tiendemaand dankoffer. Ons mikpunt vir hierdie insameling is **R625 000**. Ons skryf aan niemand voor wat hulle moet gee nie – maar ons vra: Kyk na die mikpunt, dink aan alles waarmee die Here jou hierdie jaar seën, bid oor wat Hy nou van jou vra – en gee dan wat jy kan. Met julle dankoffers glo ons sal die Here sorg dat ons die mikpunt bereik sodat ons bedieninge hulle werk kan doen. Hierdie insameling is ’n belangrike deel van ons begroting. Ons het vroeër die jaar reeds gesê dat ons op ’n tekort afstuur. Met julle hulp en met goeie finansiële dissipline en bo alles met God se seën lyk dit asof daardie tekort kleiner gaan wees as wat ons verwag het – maar ons vertrou die Here dat ons dit heeltemal sal kan wegwerk.

“Deur hierdie duidelike bewys van julle bereidheid om te dien, sal daar baie wees wat aan Hom die eer toebring.”

(2 Korintiërs 9:13)

Wees altyd bly in die Here!

Ek herhaal: Wees bly!

(Filippense 4:4)

LEER JOU KIND

OM TE GEE

Een van die belangrikste dinge wat ons kinders moet leer, is om mense te word wat nie net wil ontvang nie, maar wat wil gee. Waar die kultuur hulle wil wysmaak dat geluk lê in wat jy kan kry, moet hulle die wysheid van Jesus leer: **Om te gee, maak ’n mens gelukkiger as om te ontvang** (Handelinge 20:35).

Ons gee ook kinder-dankofferkoeverte uit. Kom ons moedig ons kinders aan om uit hulle eie sakgeld iets by te dra vir die Here se werk!

KOM BRING SAAM MET ONS OFFERS VAN LOF!

Op **Sondag, 4 November**, gaan ons in ons eredienste alles doen om die Here te loof en prys vir sy goedheid in hierdie jaar. Ons het jou stem nodig om saam met ons te sing en te loof en te prys! **“Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God ’n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur lippe wat sy Naam bely. Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dit is die offers wat vir God aanneemlik is.”** (Hebreërs 13:15-16)

LOOF HOM MET JOU VOETE!

Ons gaan ook op Sondag, 4 November ’n pretstap van 3 of 5 kilometer hê. Ons kom 10:30 by die kerksentrum bymekaar en loop dan saam die roete (*jy kan die erediens sommer in jou stapklere kom bywoon*). Só gaan ons iets beleef van die wonderlike omgewing waarmee die Here ons geseën het!

Na afloop van die stap gaan ons by die kerksentrum saamkuier met ’n hamburger.

Die stap kos R20 vir kinders en R30 vir volwassenes - die hamburger is ingesluit.

As jy net wil stap, is die prys nog dieselfde.

As jy ’n hamburger wil hê, maar nie wil stap nie, bly die prys dieselfde.

Daar sal koeldrank te koop wees na die pretstap.

Ons moet vooraf die getalle hê om gereed te maak vir almal. Koop asseblief jou kaartjie by die kerkkantoor!

